# Dordt-Nuus

**Gemeenteblad Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) Desember 2024**

**ORANIA**
**Eredienstye: Sondae**: Oggend**: 10:00. Somer: Aand: 18:00, winter 17:30. Katkisasie: Sondae: 8:45**
**Posadres: Posbus 13, Orania 8752; Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania**
**Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 082 782 2985 & 076 052 4226 e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za**
**Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za**

**ALMA**
**Eredienstye: Sondae; oggend: 10:00 Katkisasie: Sondae: 12:00**
**Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380 Kerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma**
**Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boeta Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com**
**Kassier: Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail**

***Skrifoordenking***

## Doop met die Gees

*Prof. L. Floor (uit: Die Betroubare Woord – Kom na My, Matt.1-13, 1981:34-35)*

Johannes verkondig die werksaamheid van die Messias en sê Jesus is die *Doper met die Heilige Gees.* Volgens die Ou Testament is die nuwe bedeling die bedeling van die Heilgie Gees (Joël 2:29; Sag.12:10). Jesus sal doop met die *Heilige Gees*. Dit Wys op die groot gebeurtenis met Pinkster. Ook sal Hy doop met *vuur*. Dit wys op die eindgerig. Die doop wys op die oorvloed. Christus skenk Sy Gees in 'n heerlike volheid.

Die doop met die Heilige Gees in die Nuwe Testament in die eerste plek 'n openbaringshistoriese gebeurtenis. Dit dui op Pinkster. Dit kring egter in die geskiedenis uit. Die stroom van die Gees vloei na die heidene, slawe, vrymanne word deur die Gees gedoop, ingevoeg in die liggaam van Christus, die kerk (1 Kor,12:13).

Elke gelowige wat met die Gees gedoop is, moet ook met die Gees vervul word (Ef.5:18). Paulus stel dit as 'n bevel. Maar ook hier rus die *bevel* (die bevelende van die vervulling met die Heilige Gees) in die *belofte* (die aantoonende wys van die doop met die Heilige Gees).

**Water/Geestesdoop**

Johannes spreek in die prediking ook van die waterdoop (3:11). Die doop van Johannes verskil nie van die Christelike doop nie, Johannes staan by die wending van die eeue. Hy lei 'n nuwe tyd in (11:11). Hy staan by die oorgang van die Ou en Nieu-Testamentiese kerk. Die doop vervang die besnydenis wat as teken en seël van die verbond in die Ou Testament gegeld het.

Ons mag ook waterdoop en Geestesdoop nie van mekaar skei nie. Wel is daar onderskeid. Die waterdoop kan deur mense bedien word. Maar Christus self verrig die Geestesdoop. Hy eh Hy alleen is die Doper met die Heilige Gees. Die waterdoop is teken en seël. Die doop met die Gees is die saak self, die betekende saak. Die Waterdoop is 'n heilige sigbare waarteken en seël deur God ingestel om deur die gebruik daarvan die belofte van die Geestesdoop des te beter te laat verstaan en verseël (kyk v/a 66 Kategismus). Die waterdoop is ook 'n doop in Naam van die Heilige Gees (28:19).

* * * * * * * * *

**Seënbede**

**ORANIA**

**Verjaarsdae:** Die volgende br's en sr's verjaar in Desember en word die Here se rykste seën op die jaar wat voorlê toegebid: Elsabé Havinga 7de; Daniël Tomlinson 13de; Jaco Venter 15de; Lindenberg Tomlinson 21ste;

**Huweliksherdenkings:** br & sr Pieter en Jodina Steenkamp herdenk hulle huwelik op 17 Des; br & sr Herman en Esabé Havinga op 24 Des. Mag julle die Here se seën in die komende jaar ryklik ervaar.

**ALMA**

**Verjaarsdae:** Die volgende br's wat in Desember verjaar word die Here se rykste seën op die jaar wat voorlê toegebid:
Johan Erasmus 25ste; Frans Forster 27ste en Carel Erasmus 27ste.

* * * * * * * * *

**Lief en leed:**

**Gemeente byeenkoms:** Die byeenkoms Saterdag die 23ste was heel aangenaam. Die jongmense het met kajakke gevaar sommige tot amper by die Vanderkloofdam se wal. Ander het visgevang en een het selfs oor die rivier geswem tot in die Vrystaat en terug. Almal het lekker saam gekuier en hulle trommeldik aan die heerlike kos geëet. Die twee Marx-gesinne kon ook die gesellige verkeer meemaak. Dis jammer dat die Kaap vir andere te ver is. Aan almal wat dit 'n heuglike dag gemaak het, hartlik dank.

**Siekte:** Br. Daniel di Toit is weer na Bloemfotein vir verdere ondersoek. Ons is dankbaar om te kan rapporteer dat die dokter tevrede is dat dit met hom goed gaan. Die Here is goed en ons is dankbaar. Ouderling Piet Steenkamp het probleme met sy rug waar beengroei in sy rugwerwels besig is om die senuwees vas te druk en dit veroorsaak baie pyn. Hy wag nog vir die uitslae oor wat gedoen kan word. Ons bid dat die Here spoedig 'n oplossing vir die probleem sal gee.

# Die Bloedrivier-Gelofte.
# “Diep neergebuig...”

Christina Vorster

Ons volk is nie Israel nie. Maar in ons volk, soos in die Bybelse Israel, en soos in alle volke van die wêreld, is vervat indie kinders van God.

In die verlede en vandag, word kort-kort ‘n sterk vergelyking getref tussen die Afrikanervolk en Bybelse Israel. Dit is op sigself nie verkeerd nie, maar dan moet dit reg benader word – met die benadering van Paul Kruger.

Totius skryf: “...Hierin lê die betekenis van Paul Kruger, hierin sy onverganklike grootheid, dat hy klein-gebuig het voor die hoë God wat aan hom wysheid geleer het.”

Hy skryf verder hoedat “die President vol was van die een gedagte dat sy nasie hier in Afrika ‘n besondere taak moet volvoer en hoe hy in sy toesprake en gesprekke gedurig verwys het na die geskiedenis van Israel as inspirerende voorbeeld of afmanende waarskuwing.”

Wat is daardie besondere taak? Om die Evangelie te verkondig in die land waar die Here ons heen lei. Te glo. Te ‘spreek’.

Vertrouende op die Here se leiding, trek die Voortrekkers in die 17de eeu die binneland in - uit die slawehuis na die beloofde land, net soos Israel van ouds. Wel is daar nie ‘n wolkkolom en vuurkolom sigbaar nie, en lei geen Moses die trek nie. Maar die volle Woord van God is hul wolk- en vuurkolom.

Soos die volk Israel maak hulle foute, en beleef bittere berou. Onnodige broedertwis bemoeilik die pad, en saam met die geestelike, moet ook geweldige fisiese aanslae oorkom word.

Die swart stamme in die binneland is nie lammetjies nie. In Afrika geld die wet van die Barbaar – die sterkste oorleef, die wreedste despoot heers. Krakend rol die wawiele oor witgebleikte skelette, op plekke so breed gestrooi dat omweg nie te vinde is nie. Slagoffers van die wrede wet van Afrika.

In Matabeleland broei mSelekatse, eers voortvlugtige voor uShaka, later self wrede vervolger. Sal hy die Boere toelaat om, vreedsaam, buurgrond te betree en te ontwikkel? Nee. Reeds fluister die Engelse sendeling vreesaanjaende stories in sy ore, reeds ry die smouswaens ‘vuurstokke’ aan.

In Zoeloeland wag Dingaan dat die Boere sy doodsweb binnetrek. Die Durban-manne uit Engeland het gewaarsku: dis opstandelinge, ongehoorsaam aan hul koning. Moeilikheid-makers. Wit towenaars. Hulle moet op hul plek gesit word.

Soos ‘n blits uit die hemelruim, die swart spies wat die wit hart tref.

Eers word die laers van die Liebenbergs en Erasmusse uitgemoor. Deur die genade word ander trekgroepe betyds gewaarsku, en kan hul man staan. Die Slag van Vegkop volg, waarby twee man sneuwel. Nog een kry ‘n lem deur die keel, ‘n tengere vrou worstel met ‘n lem in die kop. En buite, teenaan die laer - duisende Matabele-krygers op hope... Die stank van die lyke is geweldig, maar vereers is daar geen kans op wegtrek nie - al die osse is gebuit. ‘n Aaklige, skrikaanjaende ondervinding waarby selfs die Oosgrens se moordtogte verbleek.

**“Bande van die dood het my omring...”**

Potgieter loods ‘n suksesvolle 9 dae straftog, en die Matabele-mag is gebreek.

Sy kop staan Noord, maar Natal se groen weivelde lok. Retief, Maritz en Uys se mense daal die steiltes af na die waterryke klowe van die Tugela en sy bolope. Vee moet kan wei – so kies baie vir hul ‘n eie klein paradys om kamp op te slaan – versigtigheid is vergete.

Retief vertrek selfversekerd na Umgungundlovo, besoek Sikonyella en kom terug met goeie nuus – die moeilikheid is opgelos. Wie gaan saam om die beeste terug te vat? Die vrywilligers saal op. Dringende waarskuwings val op dowe ore. Hulle gaan, om nooit weer terug te kom nie.

Dis diep in die nag as Dingaan se impi toeslaan, en wanhoopsgille en geweerskote weerklink, al langs die koel klowe op. Vrouens en kindertjies probeer vlug, reg in die assegaaipunt in. Donker meng die edel Boerebloed met donsige bulsak-vere – waar beweging bemerk word, word gesteek. Tot alles stil raak.

Die geweerskote, gille, gekerm, geweeklaag... weg.

Hulp daag eindelik op vanuit die wakker laers, wat hulself betyds kon verdedig – maar te laat. Verskriklike gesigte begroet hulle. Verwagtende moeders oopgesny, sterwendes nog met die kleintjies aan die bors gedruk, geliefdes aanmekaar geklem deur wrede assegaai se lem... aasvoëls wat al nader draai, geskende lykies, die wawiele met harsings bespat.

“...**angste van die doderyk het my getref...”**

Vir dié wat genadiglik die moord-aanslag oorleef, breek ‘n bittere tyd aan. Dit reën ongenadiglik en Maritz se laer staan weldra diep in die modder. Almal word siek. Dis boonop ‘n weeslaer – want hy is weesheer, en om al die wese en weduwees te versorg is ‘n amper bomenslike taak. Daar is net nie genoeg nie. Nie genoeg klere, kos, skuiling, troos nie - en orals gaan dit so.

Droefheid en rou is hul daaglikse brood, want daar is niemand wat nie smartlik ly onder die gemis van geliefdes nie – die wrede beeld van verminkte liggame aldeur voor die oog.

**“...ek het benoudheid en kommer gevind.”**

‘n Wilde haelstorm tref die een laer, en arme vrouens, kindertjies en oumense moet in die ysige modderwater ónder die waens skuiling soek want die tentseile is aan flarde.

In ‘n ander laer ontstaan ‘n vuur en versprei vinnig. Sommige vlug betyds weg, maar moet hulpeloos toekyk hoe ander die lewe laat - die vlamme bereik die kruit-arsenaal en ‘n geweldige ontploffing vind plaas. Kos, klere, lewensmiddele, geliefdes... verteer deur ‘n aaklige vlammesee.

Potgieter kom uit die agterveld om die Zoeloes te help straf, maar die strafkommando, word ‘n vlugkommando. Die moedswillige Uys en sy manne ry ‘n Zoeloe-hinderlaag binne. Klein Dirkie Uys skiet moordenaars weg tot sy koeëels opraak. Nóg

vaders en seuns dood. Nóg dieper nood. Stéeds geen geregtigheid nie.
**"...Ek is diep neergebuig."**

Diepe wanhoop heers. Party mans wil terug, kolonie toe. Maar ander probeer planne maak, en skryf briewe aan familie – dringende hulpgeroep op droë stukkies papier... en bo alles, uit hierdie lydings-diepte klim die smeekgebed na bowe – Hoor, Here, hoor!

**En Hy hoor.**

Hy neem 'n man weg by sy vrou se sterfbed – 'n man met krygs-ervaring, geloofsmoed en liefde vir sy medemens – en stuur hom om sy volk na vryheid te lei.

Aan Israel het God beloof, en Sy kinders, oraloor, mag dit hoor.
**"...as Ek my glinsterende swaard skerp gemaak het en my hand na die strafgerig gryp, sal Ek wraak oefen op my teëstanders en my haters vergelde. ."**

Versigtige vreugde, nuwe moed, heers toe die nuwe leier opdaag. Weke vantevore reeds, het sy brief die noodlydendes bereik. Bevele is uitgereik, aanbevelings gemaak – voorbereidsels getref. Manne uitgesoek, aksies ingeoefen. Veghekke gebou, met die Sannas geoefen - hoe vinnig kan julle laer trek?

Ook die geestelike krag moet geoefen word: Sit 'n wag voor die mond. As jy 'n kwessie met jou broer het, gaan maak reg. Bybel lees en bid, oggend én aand! God sal ons uitred, maar Hóm moet ons eer.
**"Ek het geglo toe ek gespreek het..."**

God lê 'n opregte begeerte in die hart van die diep neergebuigdes, om in geloofs-ootmoed te spreek en 'n gelofte aan Hom te doen.

Die Here gee die oorwinning in hul hand, en hul weet dat alle eer Hóm toekom. Soos Israel van ouds leer ons deur die diepste ellende die edelste les, en daaruit, die wonderlikste besef:

**"Ek het lief, want die HERE hoor my stem, my smekinge...**
**ek het swak geword, maar Hy het my gehelp...**
**my siel gered van die dood, my oog van trane, my voet van struikeling.**
**Ek sal wandel voor die aangesig van die HERE in die lande van die lewendes.**
**Ek het geglo toe ek gespreek het: Ek is diep neergebuig."**

Dáárom eers die lyding, dan die geloof, en dan die **belydenis**, sodat... **"die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie."**

Eers voel, dan glo, dan spreek.

Soos Bybelse Israel, só elke gelowige kind van God, en só ook die Afrikanervolk.

**"Ek sal U 'n offer van danksegging bring en die Naam van die HERE aanroep. Ek sal my geloftes aan die HERE betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk...**

**...omdat ons dieselfde Gees van die geloof het—soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek—glo ons ook, daarom spreek ons ook."**

So 'spreek' ons op Geloftedag (saam met ons voorouers, Paul Kruger, Paulus, die Kerk van alle eeue) diep neergebuig:

**"In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie;**
**ons is verleë, maar nie radeloos nie;**
**vervolg, maar nie verlate nie;**
**neergewerp, maar nie vernietig nie."**

Aanhalings:
*Die Kerkblad*, 5 Februarie 1943 (Versamelde Werke, 1977, deel 9, bl.430-433)
Psalm 116:1, 4,
Deutr. 32:41-42
2 Kor. 4: 8, 9 en 13

* * * * * * * * *

# Psalm-omdigting: VRUGTE VAN DIE 1983/92 NUWE AFRIKAANSE VERTALING (NAV)

## Aartjie na sy vaartjie – Soos die boom só sy vrugte (vervolg)

# Skrifgesag – Christus – Psalm-omdigting 2001

Teoloog van die GKSA

Met artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis staan of val die ware kerk van Jesus Christus. Dit is die belydenis oor die gesag van die Heilige Skrif. Dit is die **Sola Scriptura** (die Skrif alleen) van die 16$^{de}$ eeuse Reformasie. Elke skeuring in die kerk, elke afskeiding weg van die valse kerk, elke doleansie (treur oor die dwalings), en elke vrymaking van onbybelse besluite, gaan op die end oor die erkenning van die gesag van die Heilige Skrif; dit gaan oor die enkele belydenis of die Bybel God se Woord is. En dan is dit goed dat ons in die beoordeling van die nuwe **Cloete-omdigting** van die Psalms wat reeds deur die groot NG Kerkverband van SA en die sterk Hervormde Kerk van Afrika aanvaar is en deur die Sinode 2003 deur die Gereformeerde Kerke in S.A. (GKSA) goedgekeur is, weer 'n slag artikel 7 van die NGB goed lees:

Nou word dit vir ons ontsettend moeilik in die kerk. En met die opdring en propagering van die Sinodebesluit 2003 van die nuwe Cloete Psalm-omdigting in die gemeentes van die GKSA-verband, het ons reeds in 'n krisis-situasie inbeweeg. Dit word 'n radikale keuse: Die Woord van **God** òf die woord van **mense**! Ook eis die belydenis oor die gesag van die Skrif in artikel 7 van ons 'n verskriklike ding: Só 'n mens – wat die gesag van God se Woord verwerp – mag jy nie eers in jou huis ontvang nie! Ten minste so verstaan ons dit: So 'n mens, wat die gesag van God se Woord verwerp, moet jy nie op jou kansel toelaat nie. En nou begin u besef

waarom ons van 'n **krisis** en 'n **beroering** in die GKSA begin praat.

Hier lê die crux van ons probleem met die nuwe Cloete Psalm-omdigting: Hierdie geskrif wat deur die Sinode 2003 goedgekeur is om in die kerke gesing te word, verwerp die gesag van God se Woord en so word die "skape van die Here se kudde" gedwing om op hierdie dwaalpad te gaan. Deur 'n nuwe kerklied wat deur die kerkleiers gepropageer word, en 'n digter wat ereprys na ereprys met somme geld en erepennings (Andrew Murray-prys en ATKV-prys) daarvoor ontvang, word 'n nuwe ongereformeerde teologie (Bultman en die sg. liberale "Gemeente-teologie" wat die Skrifgesag verwerp) in die gemeentes ingedra. En dit word met 'n "blymoedige hardkoppigheid" (WEG Louw se woorde) gedoen. Tot sover word proteste in gemeentes wat vir die nuwe omdigting gekies het, met 'n passiewe weerstand gesmoor en dit skyn of 'n onsigbare hand van mag meedoënloos sy saak deurdruk, kom wat wil.

## Verwydering van die Christusprofesieë

Dit is die **allerergste** wat die manne van die nuwe omdigting (waaronder teoloë van die GKSA) gedoen het. Dit was met **opset**. Aanvanklik het ons nog gedink dat die verwydering van Christus uit die Psalms dalk **onwetend** was, kom ons sê, nie doelbewus nie, miskien omdat daar nie kennis van die Hebreeuse teks is nie; iets soos 'n onbewaakte oomblik hier en daar. Eers het ons gedink dat as ons maar die bewyse oor die verwydering van Christus lewer, dan sou die digter of die deputate of kerkrade deeglik op die saak terugkom en die produk kon verbeter word. Maar moenie glo nie: Die digter T.T. Cloete verklaar in ***Rapport*** van 4 nr. 2001 dat hy dit **met opset** gedoen het. Die presiese weergawe in die betrokke koerant lui dat hy die "Messiaanse verwysings in sekere psalms... op grond van nuwe navorsing verwyder" het. In die ***Kerkbode*** van 13 April 2002 gaan hy verder en verklaar die hele Ps.110 as "nie-Messiaans" op grond van sy teologiese adviseurs.

Nou is daar geen onduidelikheid nie. Die Nuwe Omdigting en die Sinode skroom nie om gedeeltes van die Heilige Skrif te **verwyder** nie. Die Nuwe Omdigting en die teologiese adviseurs skroom nie om die **gesag** van die Woord te verwerp nie. Die Nuwe Omdigting en die teologiese adviseurs skroom nie en die Sinode huiwer nie om ons Here Jesus Christus uit die Psalmsang te **verwyder** nie. Hulle huiwer nie om die teks waarin Jesus self sê oor wat van Hom in die Psalms geskrywe is, naamlik **Luk.24:44** uit die Bybel te skeur nie:

***Dit is die woorde wat ek met hulle gespreek het toe ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.***

Dit is hierdie **psalms van Christus** wat ons in die kerk moet sing!

Die Cloete omdigting, verwyder **met opset** – so sê die digter op 4 Nov. 2001 – "op grond van", – let wel – sg. "nuwe navorsing". Hiermee is artikel 7 van die NGB verwerp en daarmee ook die Gereformeerde Belydenis.

**Watter Bybeltekste oor Christus is o.a. doelbewus verwyder?**

**Ps.2:7:** Die woorde "U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer". Die Cloete-omdigting het dit **verwyder** terwyl Paulus juis hierdie teks in sy preek in **Hand.13:33** uit Ps.2 aanhaal en dit direk op Jesus Christus toegepas. Ook **Hebr.1:5** en **Hebr.5:5** haal Ps.2:7 aan en pas dit op Jesus Christus toe. Die Cloete-omdigting het dit egter **verwyder**. Dit is 'n radikale verwerping van die Skrifgesag. Die Totius-beryming handhaaf egter die gesag van die Woord en ons sing in die kerk:

**En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer,**
**Sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:**
**"Ek self (sê God) het U gegenereer:**
**U is My Seun uit wie My beeltnis blink...**

**Psalm 22:2:** Die woorde: "My God, my God, waarom het u my verlaat?", het die Cloete-omdigting **verdraai** (My God, my God, het u my ddan verlaat?) en dit is die enigste Psalmberyming ooit in die wêreld wat dit gewaag het om so iets te doen. 'n Growwe minagting van die Skrifgesag. Die Totius-beryming lui soos volg:

**My God, my God, waarom verlaat U my?...**

**Psalm 22:8**: (bespotting en skud van hoof oor Christus aan die kruis). Die Cloete-omdigting het dit **uitgehaal**. Dit is 'n profesie oor Jesus Christus en **Mat.27:39** haal dit aan. Die beryming van Totius vertolk dit soos volg:

**My heilsverwagting**
**Krenk hul met hoofgeskud en diep veragting...**

**Psalm 22:17b**: (hande en voete deurgrawe) is 'n profesie van die spykers deur Jesus se hande en voete aan die kruis (vgl. Calvyn se kommentaar). Die Cloete-omdigting het dit **verwyder**. Die beryming wat ons nog van 1937 af gesing het, lui soos volg:

**.... 'n bende skenders staan om my 'n kring.**
**Hul staal net my deur hand en voet gedring.**

**Psalm 22:2:** Die woorde: "My God, my God, waarom het u my verlaat?", het die Cloete-omdigting **verdraai** (My God, my God, het u my ddan verlaat?) en dit is die enigste Psalmberyming ooit in die wêreld wat dit gewaag het om so iets te doen. 'n Growwe minagting van die Skrifgesag. Die Totius-beryming lui soos volg:

**Psalm 22:8**: (bespotting en skud van hoof oor Christus aan die kruis). Die Cloete-omdigting het dit **uitgehaal**. Dit is 'n profesie oor Jesus Christus en **Mat.27:39** haal dit aan. Die beryming van Totius vertolk dit soos volg:

**My heilsverwagting**
**Krenk hul met hoofgeskud en diep veragting...**

**Psalm 22:17b**: (hande en voete deurgrawe) is 'n profesie van die spykers deur Jesus se hande en voete aan die kruis (vgl. Calvyn se kommentaar). Die Cloete-omdigting het dit **verwyder**. Die beryming wat ons nog van 1937 af gesing het, lui soos volg:

**.... 'n bende skenders staan om my 'n kring.**

**Hul staal net my deur hand en voet gedring. My God, my God, waarom verlaat U my?...**

**Psalm 22:23:** (die broers van Dawid). **Hebr.2:12** haal hierdie vers uit Ps.22 aan en pas dit op die "broeders" van Jesus Christus (dit is ons!) toe. Die brief aan die Hebreërs praat van hierdie "broeders" "in die midde van die gemeente". Ps.22:23 word uit die psalm deur die Cloete-omdigting verwyder. Moedswillige verwerping van die Skrifgesag. Die Totius-beryming handhaaf die Skrif:

**Ek wil, o HEER, u Naam my loflied wy,**
**In broederkring verkondig en bely.**

**Psalm 22:24:** (die nageslag van Jakob). Dit dui op die HERE se verbond met die beloftes van genade vir Christus se Nuwe Testamentiese Kerk. Die nuwe 2001-omdigting het hierdie teks uit die psalm met opset verwyder. In die 1937-beryming sing ons nog steeds Sondae in die kerk:

**Nakomelinge van Jakob, volk van soveel seëninge,**
**En Israel, geslag van gunstelinge...**

**Psalm 31:6: "**In u hand gee ek my gees oor". Dit is die laaste kruiswoord van Jesus wat in **Luk.23:46** aangehaal word. Verstommend: Die Sinode 2003 keur dit goed dat hierdie kruiswoord uit Ps.31 weggelaat is, nie uit onkunde nie, maar met **opset, doelbewus**. Geen sprake meer van Woord nie. Maar miskien is daar nog êrens 'n gemeente wat Sondag uit 'n suiwer beryming sal sing:

**Ek gee my gees oor in u hande,**
**My Redder, wat my trou**
**In veil'ge hoede hou.**

**Psalm 37:11**: Die ootmoediges sal die aarde besit. In Mat.5:5 is dit Jesus Christus se saligspreking. In Ps.37 word dit vyf keer herhaal (verse 9, 11, 22, 29, en 34). Die Cloete-omdigting het dit egter **al vyf kere verwyder** en nie een één keer genoem nie. Die 1937-beryming roem egter in hierdie "erfdeel" vir God se kinders:

**Sagmoediges sal alles erf**
**En vrede sonder eind' verwerf.**

**Psalm 41:10**: Jesus se **verraaier,** Judas Iskariot. **Joh.13:18** haal Ps.41:10 presies aan en pas dit op Jesus Christus se verraaier toe. Die Cloete-omdigting het hierdie uiters belangrike vers uit Ps.41 **weggelaat.** Totius berym dit soos volg:

**Selfs wie met my verkeer,**
**My troue vriend, my disgenoot, dié hef**
**Sy voet om my te tref.**

**Psalm 45:7:** "U troon o **Elohim** (God) is vir ewig en altyd: die septer van u koninkryk is 'n ewige septer. **Hebr.1:8** haal Ps.45:7 aan en pas dit op Jesus Christus toe. Die Cloete-omdigting en die GKSA se Sinode 2003 het egter besluit om hierdie profesie oor Jesus Christus uit die Bybel te **verwyder.** Met opset. Tot sover het die gemeentes in die GKSA nog hierdie Evangeliewoord bewaar en gesing:

**U Troon hou stand in storm en stryd**
**u septer is regverdigheid.**

**Psalm 45:8:** "U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle." **Hebr.1:9** haal hierdie vers presies aan en pas dit toe op Jesus Christus. Doelbewus (omdat dit messiaans is) het die Cloete-omdigting ook hierdie belangrike Messiaanse profesie in Ps.45 **verwyder**. Totius berym hierdie Christus-profesie soos volg:

**U, Koning van so 'n ryksgebied,**
**Het God met vreugdesalf oorgiet.**

**Psalm 47:6:** "God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank". Dit is uitdruklike profesie op Christus se hemelvaart (vgl. Calvyn en ander Gereformeerde Skrifverklaarders se kommentare op hierdie teksvers). Die **hemelvaart** is 'n sentrale waarheid in ons geloof. Die Cloete-omdigting het dit egter uit die Psalmboek **weggelaat**. In die 1937-bundel sing die gemeente dit soos volg:

**God vaar voor die oog met gejuig omhoog**
**Die trompette blink, die basuine klink...**

**Psalm 67:3:** Die Heil (redding) van die nasies. Hierdie Psalmvers word in die **lofsang van Simeon** (Luk.2:30-32) aangehaal. Dit is 'n **messiaanse verwysing** na Jesus Christus. Die nuwe digter het dit **verwyder** en die Sinode het dit goedgekeur. In ons huidige Psalmboek word die Skrifgesag ten volle gehandhaaf en ons sing soos volg:

**Die nasies wat u nou nie prys nie,**
**Hul sal U loof, hul almal saam.**

(Uit Skrifgesag Deel 2, Jeanette Erasmus, Bylaag A bl. 361-387) (volgende keer verder)

* * * * * * * * *

***Grepe uit die kerkgeskiedenis***

# *Geref.Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder*

## *Ds Jacob Daniël du Toit (Totius) (vervolg)*

### *Totius en die Duitse Sendingskool Morgenzonne*

Die sendingskool Morgenzonne is deur sewe Transvaalse Duitse sendelinge van die Hermannsburgse Sendinggenootskap in 1876, met groot arbeid terv wille van goeie van goeie onderwys vir hulle kinders opgerig. Dit is op die plaas Morgenzon, naby Rustenburg op die Boshoek pad. Die sendeling Penzhorn van Saron het self die houtwerk aan die geboue gedoen. Die skool het 'n hoë standaard en 'n goeie Christelike grondslag gehad met Duits as voertaal en goeie dissipline . Dit is as die "beste Schule in Westen Transvaals" beskryf.

Op sy rondreis deur Transvaal om die skole te besoek, was ds S.J. du Toit besonder beïndruk met die skool. So kom dit dat sy twee seuns Dawid en Japie wat dringend beter opleiding moes ontvang, in 1888 vanuit Pretoria na hierdie skool gestuur is.

Japie (Totius) het van sy 11de tot sy 13de jaar hier deurgebring. Die leerplan was baie breed: Bybelsegeskiedenis, Kerkgeskiedenis, Wêreldgeskiedenis, Aardrykskunde, Duits, Nederlands, Engels, Sang, Klavieronderrig, Latyn en rekenkunde.

Omdat Duits as taalmedium gebruik is, en meestal ook buite die klasse gepraat is, het dit Totius 'n voorsprong en behendigheid in hierdie taal gegee wat later met sy teologiese studies en met die omgang met die Duitse letterkunde baie deure vir hom oopgemaak het. In besonder het die Bybelvertaling daarby gebaat.

Die onderwys was puik. Veral die hoof, Eerwaarde Adam Wickert was uitstaande. God het in Sy voorsienigheid hierdie bekwame leerkrag in 1887 van Mahanaim uit Duitsland gestuur om die leiding te neem, juis in die tyd dat Totius daar op skool

was, want in 1892 het hy weer vertrek. Die streng 19 eeuse Duitse dissipline, waar selfs Saterdagoggend 'n skooldag was, met die konstruktiewe godsdiensoefeninge Sondae en saans, moes 'n onuitwisbare indruk op Japie gehad het. Geen wonder dat die latere Totius sekerlik een van die mees gedissiplineerde werkers was nie – 'n ontsaglike bate vir 'n akademikus, maar allernoodsaaklik vir 'n Bybelvertaler en die meedoënlose werk van 'n Psalmberymer.

Morgenzonne was vir die jong Japie een stuk inspirasie. Alles is werklik beleef. Veral die Romeinse gekiedenis wat eerwaarde Wickert sonder handboeke aan die kinders geleer het, het so 'n diep indruk op die seuns gemaak dat met skemeraande buite op die gras die hele geskiedenis van Hannibal oorvertel is asof dit hulle eie geskiedenis was.

Vir die jong Japie het die Lutherse toegewyde godsdiens alleen voordeel gehad. Om as 12 jarige seun Luther se Klein Kategismus uit die hoof te kon opsê, was geen nadeel nie maar 'n groot voordeel. Later sou hy agterkom dat Calvyn se eerste uitgawe van sy Institusie (1536) op die indeling van die stof van Luther se Kategismus gegrond is.

Laat in die tweede helfte van 1889 het die verewaentjie met 4 osse en vertroude helpers van ds S.J. du Toit die 2 seuns kom haal Hulle moet oppak en huis-toe kom. Hulle vader gaan weer na Europa en hulle gaan saam. Die twee sussies en een jarige boetie Stephan bly by hulle ouma Joubert en niggie Bettie Joubert agter terwyl hulle maandelank in Europa gaan toer. Om die klein Stephan agter te laat was baie swaar vir Totius se stiefmoeder, Anna, wat alreeds haar eerste aan die dood moes afgee. Die kleintjie is dan ook oorlede terwyl hulle in Europa was. (d'Assonville, *Dit is Totius,* 1993:36-38). (volgende keer verder)

* * * * * * * * *

Iets oor Bybelvertaling en vertalers

## Ds. S.J. du Toit

(9 Oktober 1847 - 28 Mei 1911)



Stephanus Jacobus du Toit is op Dal Josafat naby die Paarl gebore. Hy het sy skool- en teologiese opleiding onderskeidelik aan die Paarlse Gimnasium en die Kweekskool op Stellenbosch ontvang. S.J. du Toit was onder die invloed van Arnoldus Pannevis 'n vurige voorvegter vir Afrikaans as selfstandige taal. Sy polities-nasionale doelstelling -"om te staan vir ons taal, ons nasie en ons land" - het hy deur die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) op 14 Augustus in 1875, met as spreekbuis *Die Afrikaanse Patriot,* die Afrikanerbond in 1879 en sy aandeel in die opstel van die Afrikaanse Volkslied, bevorder. In 1882 het hy Superintendent van Onderwys in Transvaal geword. Sy onderwyswet het die onderwys in die Republiek bevorder. **In 1888 het hy as Superintendent van Onderwys bedank en hom weer in die Paarl gaan vestig, waar hy hom met die vertaling van die Bybel in Afrikaans, 'n taak deur die GRA in 1885 aan hom opgedra, besig gehou het. In 1889 het die eerste gedrukte proewe van 'n Afrikaanse Bybelvertaling verskyn, drie hoofstukke uit Genesis, vertaal deur S.J. du Toit en opgeneem in die brosjure: *Die Bybel in Afrikaans*. Daarna volg *Genesis* (1893), *Mattheus* (1895), *Openbaring* (1898) en *Die Psalme* (1907). Ds. Du Toit se vertalings was egter nie populêr nie. Die vernaamste rede hiervoor was dat die volk nog nie die behoefte aan 'n Afrikaanse Bybel gevoel het nie: hulle was nog tevrede met die Statebybel. En wat die vertalings self betref, was daar 'n neiging by ds. Du Toit om te ná aan die gewone volkstaal te kom. Hy besig woorde en uitdrukkings wat 'n mens hinder.**

In sy tweede Paarlse tydperk het ds. S.J. du Toit verbasend baie ter bevordering van die Afrikaanse taal en letterkunde sowel as oor algemene en godsdienstige onderwerpe gepubliseer. Hy het verskeie Afrikaanse boeke geskryf, soos *Die Koningin van Skeba* (1898), die eerste Afrikaanse historiese roman, *Magrita Prinslo* (1897), die eerste Afrikaanse gepubliseerde drama. Hy het ook gedigte geskryf, maar hulle is nooit gebundel nie. Hy is algemeen beskou as die "Vader van die Afrikaanse taal; stigter van die Afrikanerbond en stryder van die Calvinisme". (Die inskrywing op sy graf).

In sy lewe was hy predikant van die NG Kerk, Calvinistiese teoloog, Bybelvertaler, leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, skrywer, Superintendent van Onderwys in Transvaal, en koerant- en tydskrifredakteur. Op 'n besoek aan Calvinia in Augustus 1910 het sy perdekar omgeval. Die ernstige beserings wat hy in die ongeluk opgedoen het, het uiteindelik gelei tot sy sterwe op 28 Mei 1911 op Kleinbosch, Dal Josafat.